

Saterdag 3 November

Skrifgedeelte: Haggai 1:1-15

Fokusgedeelte: Haggai 1:12-15

Vat die Woord genoegsaam grond in jou lewe?

In hierdie slotgedeelte van Haggai 1 word bevestig wat ook in die slot van Jesus se Bergrede gesê word: Dit is nie die Woord as *sodanig* wat 'n mens in 'n regte verhouding tot God bring nie, maar wel die Woord wat *gedoen* word (vgl. Matt. 7:21-28)! Hier in ons fokusgedeelte lees ons die blye berig dat die Woord wat deur Haggai bedien is, tot positiewe dade gelei het. In die eerste plek is die volk vervul met ontsag vir die Here. In die tweede plek het hulle “die werk aan die huis van hulle God, die Here die Almagtige, aan-gepak”. Daar het dus inderdaad bekering plaasgevind. Die volk het die pad van die verlore seun gestap en die vreugde van die vaderhuis en hulle herstelde verhouding met God op-nuut ervaar! Maak seker dat eenvoudige gehoorsaamheid jou lewe altyd tipeer. Mense wat na jou kyk, moet sien dat dit jou hoogste vreugde (en die stapelvoedsel van jou siel!) is om die eer van God altyd voorop te stel. Dit is iets wat (aanvanklik) ontbreek het in die lewens van die Jode vir wie Haggai gepreek het. Daar was iets van 'n onverklaarbare gespletenheid in hulle optrede: enersyds word God eerbiedig aangespreek as “die Here die Almag-tige”, maar andersyds kry sy volk dit reg om die tempel, simbool van sy teenwoordigheid, in puin te laat lê.

Sedert Jesus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees leef jy deurlopend in tempelruimte. Kort voor sy hemelvaart het Jesus op die berg in Galilea vir sy dissipels gesê: “Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” In Galasiërs 2:20 deel Paulus dit met ons dat Christus inderdaad (deur sy Gees) IN hom leef! Dit geld ook vir jou.

Leef daarom só dat Hy wat in jou woon, deurlopend geëer word in die manier waarop die Woord in jou lewe tot dade van gehoorsaamheid oorgaan!

Sing: Lied 163 (Aanvullende Psalmboek 2012)

Ds. JJ (Koos) Cloete (Emeritus)